

26 April

Onthou wie en wat u is

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:1-19 (OAV)
Fokusgedeelte: Efesiërs 5:1**

Paulus skryf hierdie brief aan die Christene in Efese gedurende sy gevangenskap in Rome. Dit bevat 'n leerstellige sowel as 'n veranderde gedeelte. Die veranderinge in die brief moet dan ook teen die agtergrond van die leerstellige gedeelte gesien word.

Efese het 'n belangrike plek onder die stede in Klein-Asië ingeneem. Dit was 'n welvarende stad met florerende handel. Wat die godsdiens betref, tref ons daar 'n vermenging van Westerse en Oosterse heidendom aan. Gepaard daarmee het dit gewemel van onsedelike praktyke en hebsug of korrupsie.

In ons fokusgedeelte vermaan Paulus nou die Christene in Efese om geen deel te hê aan daardie goddelose praktyke nie. Dit doen hy teen die agtergrond van die leerstellige gedeelte van sy brief in die eerste hoofstuk. Daar herinner hy die Christene in Efese daaraan dat hulle deur God in Christus uitverkies is, voor die grondlegging van die wêreld, om heilig en sonder gebreke voor Hom in liefde te wees. Ja, Hy het hulle voorbeskik om hulle as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus.

So treffend dus, wanneer Paulus in hoofstuk 5 sy vermaning begin met: Wees dan navolgers van God, soos geliefde kinders ... Hiermee wil hy aan die Efesiërs sê: Moenie julle laat meevoer deur die onsedelikheid en hebsug van die heidense stad waarin julle woon nie. Moenie luister na mense wat die sonde probeer goedpraat nie. Onthou julle is geliefde kinders van God in Christus uitverkies, voor die grondlegging van die wêreld!

'n Beskamende, maar tegelykertyd 'n vertroostende vermaning. Ook vir ons as Christene in 'n sedelose, hebsugtige wêreld. As verleidende stemme jou wil weglok na onsedelike orgies of hebsugtige ondernemings soos byvoorbeeld korrupsie, onthou dan wie en wat jy is: 'n geliefde kind van God, in Christus uitverkies, voor die grondlegging van die wêreld!

Sing: Psalm 119:4 (Totius)

Prof. Louis Botha (emeritus)